basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | $20^{ste}$-eeuse Teaterbewegings | (30) |
| AFDELING B: | Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 | (40) |
| AFDELING C: | Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr | (40) |
| AFDELING D: | Die Geskiedenis van Teater, Praktiese Konsepte, Inhoud en Vaardighede | (40) |

2. **AFDELING A**
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke $20^{ste}$-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

- *Caucasian Chalk Circle* — Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* — Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* — Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* — Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* — Adam Small

**OF**

**TEATER VAN DIE ABSURDE**

- *Waiting for Godot* — Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* — Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* — André P Brink
- *The Bald Primadonna* — Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* — Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF**

**POSTMODERNE TEATER**

- *Skrapnel* — Willem Anker
- *Top Girls* — Carol Churchill
- *Popcorn* — Ben Elton
- *Buried Child* — Sam Shepard

3. **AFDELING B**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 2: | *Woza Albert!* | Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon **OF** |
| VRAAG 3: | *Sophiatown* | Junction Avenue Theatre Company **OF** |
| VRAAG 4: | *Siener in die Suburbs* | PG du Plessis |

4. **AFDELING C**
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.**

| | | |
|---|---|---|
| VRAAG 5: | *Nothing but the Truth* | John Kani **OF** |
| VRAAG 6: | *Groundswell* | Ian Bruce **OF** |
| VRAAG 7: | *Mis* | Reza de Wet |

5. **AFDELING D**
**Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae. Albei vrae is VERPLIGTEND.**


## AFDELING A: 20ste-EEUSE TEATERBEWEGINGS

Hierdie vraag is VERPLIGTEND.

### VRAAG 1

Bestudeer BRON A hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON A**




**20STE-EEUSE TEATER**

| VERTALING VAN DIE TEKS IN ELKE RAAMPIE VAN BRON A: | |
|---|---|
| 1. | WAT IS TEATER? |
| 2. | DIT VERTEL ONS DIE STORIE VAN ONS LEWENS (LEWENSVERHAAL) |
| 3 | JA, MAAR WAT BETEKEN DIT VIR MY?? |
| 4. | ALLES!! |

Evalueer, in 'n opstel, hoe die toneelteks en die 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy hierdie jaar bestudeer het 'die storie van ons lewens vertel' en moontlik 'alles' vir ons kan beteken.

Verwys na die volgende:

- Die inligting wat in BRON A vervat is
- Die toneelteks wat jy bestudeer het
- Die betrokke 20ste-eeuse Teaterbeweging wat jy bestudeer het:
  - Teater van die Absurde **OF** Epiese Teater **OF** Postmoderne Teater
  - Spesifieke voorbeelde in die toneelteks wat jy bestudeer het

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER: 1960–1994

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON

Bestudeer BRON B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON B**

**_WOZA ALBERT!_ – 'N RESENSIE DEUR IAN JOHNS**

***The Times* (Verenigde Koninkryk), 12 Junie 2002**

Indien stres 'n vereiste van kreatiwiteit is, dan het apartheid dit in die 1970's en 1980's in oorvloed aan Suid-Afrikaanse dramaturge verskaf; 'n broeikas vir teatertalent wat stories aangebied het wat geen grense geken het nie, in 'n vorm wat toeganklik genoeg was om treffers in Londen en New York te word.

Hierdie satiriese verhaal word deur twee akteurs, wat elk verskeie rolle speel, opgevoer. Die Wederkoms van Christus in apartheid Suid-Afrika word in die toneelstuk verbeeld.

Die titel van die toneelstuk word eers in die finale gedeelte duidelik.

Die dringendheid van die propaganda-oogmerk van hierdie stuk het moontlik vervaag. Die dominante platkomedie in *Woza Albert!* kom nou voorspelbaar en satiries matig voor. Maar dit was die manier waarop dit van onreg en vernedering met byna afsydige goeie humor in teenspoed gepraat het, wat die toneelstuk so hartverskeurend gemaak het.

Die straatteater-mimiekstyl, -bewegings en -liedjies is nou oorbekend en dit lyk asof daar baie herhaling in die ontvouing van hierdie fabel is. Dit lyk na 'n 20 minuut-toneeltjie wat uitgerek is om 'n 90 minuut-vertoning te maak.

Dit bly egter 'n vermaaklike tour de force (meesterstuk) vir twee talentvolle akteurs en hulle voer dit na behore op. Maar hierdie heropvoering beklemtoon net die feit dat ons tot dusver geen dinamiese nuwe stemme in Suid-Afrikaanse drama gehoor het nie.

2.1 'Indien stres 'n vereiste van kreatiwiteit is, dan het apartheid dit in die 1970's en 1980's in oorvloed aan Suid-Afrikaanse dramaturge verskaf' (reël 1–2).

2.1.1 Noem EEN Suid-Afrikaanse anti-apartheidsteaterbeweging. (1)

2.1.2 Identifiseer TWEE apartheidswette wat in die toneelteks, *Woza Albert!*, duidelik is. (2)

2.1.3 Bespreek EEN wet wat in VRAAG 2.1.2 geïdentifiseer is en die invloed van die 'stres' van die wet op spesifieke karakters in die toneelteks. (6)

2.2 'Hierdie satiriese verhaal word deur twee akteurs, wat elk verskeie rolle speel, opgevoer.' (Reël 5–6)

2.2.1 Noem 'n teaterpraktisyn wat die opvoerstyl ontwikkel het waar 'n akteur verskeie rolle speel. (1)

2.2.2 Bespreek of twee akteurs wat 'elk verskeie rolle' speel (reël 5) toneelmatig doeltreffend is of nie. (4)

2.2.3 Verduidelik die vokale en fisiese vaardighede wat 'n akteur sal nodig hê om verskeie rolle te speel. Verwys na spesifieke voorbeelde in die toneelteks. (6)

2.2.4 *Woza Albert!* word as 'n 'satiriese verhaal' (reël 5) beskou.

Wat verstaan jy onder die term *satire*? Gee TWEE voorbeelde van hoe dit in die toneelteks gebruik word. (6)

2.3 Verduidelik hoe die betekenis van die titel van die toneelteks 'eers in die finale gedeelte duidelik' word. (Reël 8) (4)

2.4 Oorweeg reël 14–19.

Stem jy saam met die resensent se kommentaar op die opvoeringstyl, inhoud en toneelmatige invloed van *Woza Albert!*, of verskil jy daarvan? Motiveer jou siening. (10)
**[40]**

## VRAAG 3: *SOPHIATOWN* DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY

Bestudeer BRON C hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON C**

**'N ONDERHOUD**

*'n Onderhoud met 'n voormalige inwoner van Sophiatown, mnr. Victor Mokine, wat destyds 'n 12-jarige seun was:*

'Ek kon berede polisiemanne in ons erf sien. Ons ouers het gesê ons moet in die huis bly aangesien hulle gedink het daar kan geweld wees,' sê hy. 'Hulle was met gewere en pistole gewapen, party met masjiengewere. Ons kon die geluid van bewegende trokke hoor wat aangekom het om mense se besittings te vervoer. Daar was baie vrees. Party polisiemanne het eenvoudig die deure stukkend geskop, terwyl hulle op mense geskree het om buitentoe te gaan. Dit het soos 'n oorlogsituasie gevoel.'

3.1 Identifiseer die gebeurtenis wat in hierdie onderhoud beskryf word. (Reël 1–6) (1)

3.2 Beskryf die uitwerking wat hierdie gebeurtenis moontlik op die inwoners van Sophiatown kon gehad het. (2)

3.3 Verduidelik hoe hierdie gebeurtenis in *Sophiatown*, die toneelteks, uitgebeeld word. (4)

3.4 Maak voorstelle oor wat The Junction Avenue Theatre Company gemotiveer het om 'n toneelstuk oor hierdie gebeurtenis te skep. (4)

3.5 The Junction Avenue Theatre Company het die toneelstuk *Sophiatown* sonder 'n teks/manuskrip geskep.

3.5.1 Noem die teaterproses om 'n toneelstuk sonder 'n teks/manuskrip te skep. (1)

3.5.2 Verduidelik DRIE stappe in hierdie toneelskeppingsproses. (6)

3.5.3 Beskryf DRIE vaardighede wat 'n toneelspeler moontlik benodig om 'n effektiewe lid van 'n groep te wees wat 'n toneelstuk sonder 'n teks/manuskrip skep. (6)

3.5.4 Bespreek die waarde daarvan om 'n toneelstuk sonder 'n teks/manuskrip te skep. (6)

3.6 Evalueer die moontlike invloed van die toneelstuk, *Sophiatown*, op apartheidsgehore en op kontemporêre gehore.

Verwys na die volgende elemente:


- Onderwerp
- Karakterisering
- Verhoogopstelling/Enscenering

(10)
**[40]**

## VRAAG 4: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

Bestudeer BRON D hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON D**




**'n Toneel in 'n onlangse produksie van *Siener in die Suburbs***

4.1 Identifiseer karakter **A** en karakter **B** in BRON D. (2)

4.2 Beskryf die verhouding tussen hierdie twee karakters. (4)


4.3 Kies EEN van die karakters in BRON D.

4.3.1 Verduidelik hoe die sosio-ekonomiese omstandighede van die karakter wat gekies is, deurgaans in die toneelteks uitgebeeld word. (6)

4.3.2 Stel voor, met redes, hoe 'n akteur 'n geloofwaardige (ware) fisiese vertolking van hierdie karakter se emosionele reis in enige TWEE betekenisvolle oomblikke van hierdie toneelstuk kan gee. (6)

Bestudeer BRON E hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON E**



**Die dekorstel van *Siener in die Suburbs* in 'n onlangse produksie**

4.4 Evalueer die doeltreffendheid van die stelontwerp in BRON E vir 'n produksie van *Siener in die Suburbs*. Verwys na die toneelteks in die geheel. (6)

4.5 Motiveer die byvoeging van TWEE ander items by die stel om die temas van die toneelstuk te versterk. (6)

4.6 PG du Plessis het gesê dat die 'toneelstuk die kern van die menslike aard vasvang'.

Bespreek hoe die 'toneelstuk die kern van die menslike aard vasvang' deur sy simbole. (10)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**


**AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE TEATER: NÁ 1994 – KONTEMPORÊR**

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI**

Bestudeer BRON F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON F**




[Bron: *Mind The Gap* – DBE]

5.1 Die rol van EEN van die karakters in die toneelstuk word aan jou toegeken. Verwys na BRON F en beantwoord die vrae wat volg.

5.1.1 Gee 'n kort beskrywing van jou karakter. (4)

5.1.2 Bespreek jou voorbereiding om jou karakter realisties uit te beeld:

- Tydens repetisies
- Agter die verhoog net voor 'n opvoering (6)

5.2 Noem 'n tipe verhoog wat die realistiese aard van die toneelstuk sal weerspieël. (2)

5.3 Beskryf DRIE ander realistiese opvoerelemente van die toneelstuk. (6)

5.4 Evalueer die doeltreffendheid daarvan om BRON F as 'n plakkaat te gebruik om 'n produksie van *Nothing But The Truth* te adverteer. (4)


5.5 Verduidelik hoe die twee vroulike karakters in *Nothing But The Truth* die spanning tussen Westerse en Afrikakulture uitbeeld. (6)

5.6 Bespreek hoe BRON F die onderwerp en temas van die toneelstuk kan uitbeeld. (12)
**[40]**

## VRAAG 6: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

Bestudeer BRON G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON G**




**'n Moontlike plek om *Groundswell* te verfilm**

6.1 Jy wil 'n rolprentweergawe van die toneelstuk, *Groundswell*, regisseer en het besluit om BRON G te gebruik as die plek om buiteopnames te maak. Jy moet 'n voorstel aan potensiële produksieleiers maak om die konsep van die rolprent te verkoop.

6.1.1 Skryf 'n kort samevatting van die storielyn. (4)

6.1.2 Met inagneming van jou kennis van die toneelstuk, motiveer die keuse van plek om die buiteopnames vir die rolprent te maak. (4)

6.1.3 Ontwikkel 'n spelershandleiding om potensiële akteurs te help wat 'n oudisie doen vir die rol van Thami, Smith of Johan. ('n Spelershandleiding is 'n stel spelmetodes of -tegnieke.) (6)

6.1.4 Gee TWEE redes waarom die toneelstuk 'n suksesvolle rolprent kan word. (4)

6.1.5 Watter tipe musiek sou jy as 'n moontlike klankbaan vir die rolprent gebruik? Motiveer die antwoord. (2)

6.1.6 Beskryf visuele of klankeffekte uit enige toneel van die toneelteks wat die spanning in die rolprent kan verhoog. (4)

6.1.7 Wat is die moontlike uitdagings wat 'n rolprentweergawe van *Groundswell* vir 'n regisseur bied? (4)

Kopiereg voorbehou 

6.2 Die dramaturg, Ian Bruce, het die toneelstuk, *Groundswell*, baie suksesvol in die VSA bemark.

Bespreek waarom hierdie toneelstuk enige plek in die wêreld suksesvol kan wees. Verwys na die onderwerp, karakters en temas van die toneelteks. (12)
**[40]**

## VRAAG 7: *MIS* DEUR REZA DE WET

Bestudeer BRON H hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON H**

**VERHOOGAANWYSINGS VIR *MIS*, DEUR REZA DE WET GESKRYF**

**Tyd:** Agtuur, op die laaste nag van Augustus 1936.

**Verhoog-plasing:** Die handeling/aksie vind plaas in 'n armoedige huisie op 'n plasie/hoewe in die buitewyke van 'n plattelandse dorpie in sentraal Suid-Afrika. Daar is 'n agterdeur (regs) wat binnetoe oopmaak, met 'n gaasdeur wat na buite oopmaak.

**Styl:** Die dekorstel en kostuums moet 'n gevoel van asof in 'n fabel, 'n rowwe feëverhaal, oordra.

**Effekte:** Die sirkusmusiek is baie belangrik en wanneer die agterdeur oop is, kan dit gehoor word. Daar moet ook 'n duidelike verskil tussen die tipes wind in die teks wees.

7.1 Identifiseer die verskillende betekenisse wat die titel van die toneelstuk kan hê. (4)

7.2 Verduidelik die dramatiese effek van Reza de Wet se keuse van:

- Tyd
- Verhoogplasing (8)

7.3 Stel TWEE moontlike maniere voor waarop 'n stelontwerper ' 'n gevoel van asof in 'n fabel, 'n rowwe feëverhaal' (reël 6–7) in die dekorstel van die toneelstuk kan weergee/uitbeeld. (4)

7.4 Bespreek hoe die verskillende 'tipes wind' (reël 9) in die toneelteks simbolies is. (4)

Bestudeer BRON I hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON I**



***Mis* is niks anders as 'n poppekasvertoning nie – 'n poppemeester wat marionette (poppe) beweeg om 'n gemanipuleerde werklikheid te skep.**

7.5 Watter karakters in *Mis* kan met die volgende in 'n poppekasvertoning vergelyk word:

- 'n Marionet
- 'n Poppemeester (2)

7.6 Verduidelik waarom die karakter wat jy in VRAAG 7.5 geïdentifiseer het, met 'n marionet geassosieer kan word. Verwys na die toneelteks in die geheel. (6)

7.7 Bespreek hoe die rolle van mans en vroue in die Calvinistiese Afrikanerwêreld van die toneelstuk toneelmatig deur die karakters uitgebeeld word. (12)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**


**AFDELING D: DIE GESKIEDENIS VAN TEATER, PRAKTIESE BEGRIPPE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 8**

Bestudeer BRON J hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON J**




**STRUKTUUR VAN 'N GOEIE, REALISTIESE TONEELSTUK**

8.1 Identifiseer die intrigestruktuur wat in BRON J hierbo duidelik is. Kies EEN van die volgende en skryf die letter (A–C) langs die vraagnommer (8.1) neer.

A Siklies/Sirkelvormig
B Lineêr
C Episodies (1)

8.2 Noem die intrigestadiums wat **1**, **2** en **3** in BRON J hierbo gemerk is. (3)


8.3 Ontleed hoe enige TWEE van die volgende elemente van Realisme in die realistiese toneelstuk wat jy bestudeer het, weerspieël word:

- Karakters
- Dekorstel
- Temas
- Taal
- Kostuums (6)

8.4 Bespreek VIER kenmerke van EEN antirealistiese beweging en die bydrae daarvan tot 20ste-eeuse teater. (8)

Bestudeer BRON K hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON K**




8.5 Noem die teaterpraktisyn wat die toneelspelbenadering, method-toneelspel, ontwikkel het. (1)

8.6 Verduidelik 'n method-akteur se benadering. (3)

8.7 Motivering is een van die method-toneelspeltegnieke (BRON K).

Verduidelik DRIE method-toneelspeltegnieke wat jy kan gebruik om vir 'n opvoering voor te berei. (6)

Bestudeer BRON L hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**BRON L**




8.8 Reageer op die stelling in BRON L deur jou eie opvoeringservaring te evalueer. Verduidelik hoe die toepassing van jou dramavaardighede, die skeppingsprosesse en jou finale aanbieding tot die 'geluid van 'n wonderlike, diep stilte' kan lei. (12)

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou